IN MEMORIAM BRINK BOTHA

3 November 2008

Dit is met groot leedwese dat ons aankondig dat Brink Botha op Maandagoggend 3 November, tydens 'n rooftog op sy kleinhoewe buite Brits doodgeskiet is. Deur die Here se genade is Christelle en Odelia ongedeerd. Langs hierdie weg wil ons graag ons innige simpatie aan hulle oordra. Mag God hulle in hierdie tyd dra, ondersteun en van die nodige krag voorsien.



It is with deep regret that we announce the death of Brink Botha, who was fatally shot during a robbery at his smallholding outside Brits on Monday morning, 3rd November 2008. By God's grace, Christelle and Odelia are unharmed. Our sincerest sympathies to them both during this difficult time. May God be with them, support them and provide them with the necessary strength.

Huldeblyk by die begrafnisdiens van Brink Botha

Die SABT en die Boerboelwêreld het 'n reuse verlies gely met die skielike heengaan van Brink Botha.

Almal wat Brink geken het sal saamstem dat Brink, oral waar hy betrokke was of teenwoordig was, 'n reuse impak gemaak het. Brink het niks halfhartig aangepak nie en het met groot sorgvuldigheid alles wat hy begin het, afgehandel. - 'n ware perfeksionis.

Sy kundigheid en kennis was 'n groot aanwins vir ons almal en sy beginselvaste benadering was gegrond op sy onwrikbare waarde sisteem.

Tydens die afgelope skoue het Brink en Christelle ook op telersvlak groot suksesse behaal.

Brink het op onbaatsugtige wyse opofferings in belang van die Vereniging en die Boerboelras gemaak. Hy het in die SABT as Ondervoorsitter, Voorsitter, sowel as raadslid en lid van die Uitvoerende Komitee gedien.

Dit is moeilik om te dink dat ons Brink nie weer by Boerboelbyeenkomste sal sien nie, maar ons is seker dat sy nagedagtenis altyd sy teenwoordigheid tasbaar sal maak.

Brink was nie net 'n waardige leier nie, maar ook 'n staatmaker, vriend en pel. Jy kon altyd op sy ondersteuning reken. Hy was passievol oor alles wat hy gedoen het en het dit in al die dimensies van sy lewe voluit geleef. Sy goeie sin vir humor het baie ligte oomblikke gelewer.

Brink se verhouding met ons Hemelse Vader was ook geen geheim nie en daarom kan ons berus dat hy nou op 'n baie beter plek is.

Ons gaan Brink baie mis, maar sal hom nooit vergeet nie - vir wie hy was en waarvoor hy gestaan het.

'Baie dankie vir alles wat jy vir ons beteken het - jy was 'n ware voorbeeld.'

Ons betuig ook hiermee ons innige meegevoel met Christelle, Odelia en almal vir wie Brink geliefd en dierbaar was. Ons bede is dat God julle in hierdie tyd van beproewing sal dra en vertroosting sal bied.

Die Raad van die SA Boerboeltelersvereniging
Saterdag 8 November 2008

Funeral service tribute to Brink Botha

SABBA and the Boerboel community have suffered a huge loss with the sudden passing of Brink Botha.

Everyone who knew Brink will agree that he - no matter what he was involved in, or where he was present - made a significant impression on those around him. He tackled nothing half-heartedly and saw things through with much care and attention – a true perfectionist.

His expertise and knowledge were of benefit to us all, and his principled approach vested in his unwavering set of values.

During the recent shows, Brink and Christelle also achieved significant success in their role as breeders.

Brink made selfless sacrifices to further the interests of the Association and the Boerboel breed. He served the SABBA as Vice-Chairman, Chairman and as a member of the Board and the Executive Committee.

It is very difficult to imagine that we will not see Brink at Boerboel gatherings again, but we are sure that his memory will always live on and make its presence felt.

Brink was not only a worthy leader, but also someone you could always rely on, a friend and pal. One could always count on his support. He was passionate about everything he did, and lived all aspects of his life to the fullest. His wonderful sense of humour made for many light moments.

Brink's relationship with our Heavenly Father was also no secret and we therefore accept that he now is in a much better place.

We will miss Brink immensely, but we will never forget him - for whom he was, and what he stood for.

'Thank you very much for everything that you meant to us - you were a true inspiration.'

We extend our deepest sympathy and condolences to Christelle, Odelia and everyone who loved and treasured Brink. Our prayer is that God will comfort and support you during this very trying time.

The Board of the SA Boerboel Breeders Association
Saturday, 8th November 2008

Boodskappe van meegevoel / Messages of condolence

Christelle & Odelia Botha
M: 082 859 2626
P O: 2481 Brits, 0250
E-pos / E-mail: cbotha@sabt.co.za